IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

/455

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-06-16

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 237

(Bladsye 12 580 - 12 637)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 16 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : My Lord, all the accused are here, but we have a request from the head of the Hospital Services for accused no. 14 to be, Mr Jerry Hlopane, to be excused to attend the Benoni/Boksburg Hospital this morning, but unfortunately no actual time was given. It is one of those periodical visits for follow-up procedures and the doctors are there from early morning.

COURT : So, he will leave during the course of the day?

MR BIZOS : During the course of the morning as soon as the police has arranged the transport.

MNR. JACOBS VERWITTIG POLISIE DAT HULLE VIR BESKULDIGDE NR. 14 KAN NEEM.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, gedurende November 1983 was daar die komende verkiesing vir raadslede. Is dit korrek? Dit is Swart plaaslike besture? -- Ja.

Was jy daarteen gekant gewees dat raadslede verkies moet word? -- Nie dat ek daarteen gekant was nie, maar wat ek wel van geweet het was dat ek nie deelneem aan daardie goed nie.

Hoekom wou jy nie deelneem aan raadsverkiesings nie, verkiesing van raadslede nie? -- Dit is hoe ek besluit het.

Maar hoekom het jy so besluit? Daar moet tog 'n rede wees? -- As 'n persoon nie verplig is om deel te neem aan 'n sekere ding nie, met ander woorde die keuse is by die persoon of wil hy deelneem of nie.

HOF : Dit is nou die tweede keer wat die geleerde advokaat die vraag vra. Sal u nou asseblief u rede gee waarom u

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie wou deelneem nie? -- Dit is omdat ek 'n predikant is en ek het gevoel ek wil nie deelneem nie. Dit wil sê ek wil nie deelneem aan die politiek nie.

MNR. JACOBS : So, jy wou niks te doen gehad het met die politieke sy van die verkiesing van raadslede nie? -- Ja.

Daar is 'n vergadering gehou in Sharpeville om te aggiteer teen die verkiesing van raadslede. Is dit korrek? -- Ja.

Was dit 'n massavergadering wat gereël was? --Dit was 'n vergadering gewees, 'n Massa vergadering? Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie.

HOF : Trek u 'n verskil tussen 'n openbare vergadering en 'n massavergadering?

MNR. JACOBS : Dit is eintlik dieselfde.

HOF : Kom ons bly dan maar by 'n openbare vergadering. Ek neem aan as hy baie goed bygewoon word, word hy 'n massavergadering, maar dit hang af van wie kom. -- Ja. Dit was 'n openbare vergadering.

MNR. JACOBS : Wie het die vergadering gereël? -- AZAPO.

En vir wanneer was dit gereël? -- 27 November 1983.

Waar is die vergadering gehou toe? -- In my kerk St Cyprians Sharpeville.

Wie het met jou kom reël dat die vergadering in jou kerk gehou word? -- Hlomoka, beskuldigde nr. 2, het.

En toe hy by jou kom, het jy vir hom toestemming gegee dat hy jou kerk mag gebruik? -- Ja.

HOF : Ek wil vir u 'n vraag vra. Ek is jammer dat ek die trant van die ondervraging verbreek, maar ek het vergeet om dit te vra. In Sharpeville is u kerk die enigste kerk in 1983/84 waar daar openbare vergaderings gehou is of is daar in ander kerke ook openbare vergaderings gehou? -- Ek is

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie seker nie, maar ek is daarvan bewus dat die Roomse Kerk ook gevra was asook die NG Kerk in Boipatong. So, ek kan nie met sekerheid sê of my kerk in hierdie tydperk in Sharpeville die enigste kerk was wat gebruik is vir die vergadering nie.

Nee, maar ek stel nie belang in wie gevra is nie. Of daar uiteindelik vergaderings gehou is? -- Nee, ek weet nie.

So, u kan nie sê dat daar is of daar is nie ꞌn ander kerk vergaderings gehou nie? -- Ja, ek sal nie kan sê nie.

MNR. JACOBS : Toe beskuldigde nr. 2 jou genader het en gevra het om ꞌn vergadering in jou kerk te hou, het hy gesê vir watter doel hy die vergadering wil hou? -- Ja.

Wat het hy gesê vir watter doel is dit? -- Hy het gesê die doel van hierdie vergadering is aangaande die komende verkiesings wat gehou gaan word.

Wat aangaande die komende verkiesings wat gehou gaan word? -- Die versoek aan my deur hom was dat hulle die vergaderig wil hou in my kerkgebou. Die vergadering sal toelaat dat enige persoon dit kan bywoon. Dit was aangaande die verkiesing van die raadslede wat gehou gaan word.

HOF : Ja, maar ten gunste van of teen? -- Hy het nie verduidelik nie.

MNR. JACOBS : Het jy hom nie gevra wat aangaande die verkiesing van raadslede nie? -- Nee, ek het nie gevra nie.

Het hy nie gesê dit is ꞌn protesvergadering dat die mense nie moet deelnaam aan die verkiesing nie? -- Hy het nie aan my so gesê nie. Al wat hy vir my gesê het is dat hy die toestemming kom vra om ꞌn vergadering te kom hou in die kerkgebou.

Het jy dit verstaan dit is ꞌn protesvergadering om die

mense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense te vra om nie te stem nie? -- Nee, ek het nie dit gevra nie. As die kerkgebou beskikbaar is vir die vergadering, dat dit nie gebruik word vir die kerk se doeleindes nie, dan word die mense toegelaat om gebruik daarvan te maak.

Maar my vraag is nie of jy gevra het nie. My vraag is of jy nie geweet het dit is 'n protesvergadering teen die verkiesing van raadslede nie? -- Ek het gesê nee, dit was my antwoord, ek het nie geweet nie, maar ek het ook toe aan u gesê onder watter omstandighede ons dit toelaat dat ons kerkgebou gebruik word.

Was daar oor daardie tyd in die algemeen georganiseer teen die verkiesing van raadslede in Sharpeville en ook in die ander gebiede? -- Ek weet nie van die algemene dinge wat daar plaasgevind het nie.

Het jy geweet dat die VCA vir daardie selfde dag ook 'n vergadering georganiseer het? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

Dit is mos algemeen daar geadverteer en jy woon mos in die gebied. Jy het dan gesien dat die VCA se stigtingsvergadering was op 9 Oktober? Hoe is dit dan dat jy nie daarvan weet nie? -- Ek het gesê nee, ek weet nie van die algemene dinge nie, ek woon in Sharpeville. U kan my nie van die algemene dinge vra nie. Dat daar 'n stigtingsvergadering was van VCA, dit het ek gesien. Dit is hoekom ek daarvan weet. 'n Ding wat ek nie gesien het nie, sal ek nie van weet nie, wat ek nie van gelees het nie.

Toe beskuldigde nr. 2 vir die kerk genader het, het hy jou ook gevra om deel te neem aan die vergadering? -- Nie dat ek deel moet neem nie. Hy het my net gevra of ek in staat sal wees om hierdie vergadering met 'n gebed te

open/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

open. Toe sê ek ja.

Stem jy saam dit is deelnaam aan die vergadering? -- Om ℎ vergadering met ℎ gebed te open? Ek weet nie wat u daarby bedoel as u sê dit is ℎ deelname aan ℎ vergadering nie.

Was hierdie vergadering geadverteer in Sharpeville dat dit sou plaasvind in jou kerk op 27 November 1983? -- Ek weet nie.

Maar was daar nie kennisgewings rondgestuur in Sharpeville nie, pamflette? -- Ek weet nie.

Ek neem aan jy beweeg mos rond in Sharpeville? -- Ja, met ℎ rede, nie sommer sonder rede nie.

Jy het niks gesien nie? -- Ek het niks gesien nie, ek weet nie.

Op die vergadering self, wie was die voorsitter van die vergadering? -- Ek kan nie so goed onthou nie. Ek dink maar dit was Oupa gewees. Andersins weet ek nie.

HOF : Dit is nou beskuldigde nr. 2? -- ja.

MNR. JACOBS : Wie was die sprekers op hierdie vergadering? -- Ek ken die persone daar wat opgetree het as sprekers net van sien. Ek weet nie wat die persone se name is nie, behalwe Oupa, beskuldigde nr. 2, wie se naam ek ook ken.

Was die mense daar voorgestel aan die gehoor? -- Ek kan nie onthou nie. Dit kan wees dat hulle voorgestel was.

Die mense wat jy daarso geken het en wat jy sê wat jy gesien het, was dit mense van Sharpeville gewees?

HOF : Is dit nou die sprekers?

MNR. JACOBS : Die sprekers? -- Ek weet nie of hulle Sharpeville se inwoners was nie.

Maar hoe verstaan ek jou nou? Jy sê jy ken die mense van sien, jy ken net nie hulle name nie. Dan weet jy mos

waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waar het jy hulle gesien, of hulle van Sharpeville is? -- Ja, dit is so.

Wat is so? -- Wat ek sê is dat Sharpeville, Boipatong, Bophelong en Sebokeng is nie baie ver van mekaar af nie en dit is onmoontlik vir 'n mens om te kan sê die persoon wat ek van sien ken, waar het ek hierdie persoon gesien vantevore. So, dit is hoekom ek sê ek weet nie of hulle inwoners is van Sharpeville of nie.

Kan jy vir ons sê is enige van hulle inwoners van die Vaal woongebiede? -- Ja.

Jou openingspreek, waaroor het dit gehandel? -- Ek het gepreek oor die "faith" uit die boek van die "Hebrews".

HOF : Wat uit die boek? -- Geloof, "faith".

MNR. JACOBS : Waaroor het dit gegaan? -- Dit handel oor Abraham se geloof in die Here. Dit handel oor hierdie twee, dit is nou Abraham en sy vrou Sarah wat 'n baba gekry het nadat hulle heelwat oud was, wat 'n aanduiding was dat as 'n mens geloof het in die Here, kan die Here verbasende dinge doen vir 'n mens wat geloof het.

Het jy daardie preek in verband gebring met die verkiesing van raadslede? -- Nee.

Op die vergadering, het die voorsitter, beskuldigde nr. 2, gesê wat is die doel van die vergadering aan die gehoor voordat hy die sprekers aan die woord gestel het? -- Ek sê ek kan nie so goed onthou dat ek met sekerheid kan sê dat beskuldidge nr. 2 die voorsitter van die vergadering was nie. Indien hy wel die voorsitter van die vergadering was, kan ek nie onthou dat hy die doel van die vergadering aan die gehoor oorgedra het nie.

Kan jy onthou of enigiemand anders daar by die tafel

voor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voor die gehoor ingelig het wat is die doel van die vergadering? -- Vaag, ja.

Sê dan vir ons wat jy vaag onthou? -- Dat die vergadering gehou word in verband met die verkiesings wat die mense van weet, dit is die verkiesing van die raadslede.

Wat het hy gesê hoekom word die vergadering gehou in verband met die verkiesing van raadslede? -- Ek weet nie. Ek het nou net gesê ek kan net vaag onthou wat hy gesê het. Ek kan nie onthou wat hulle presies gesê het nie.

Op die vergadering, was daar baie mense gewees? -- Ek glo nie dat in getal daar meer as twintig persone by hierdie vergadering was nie. Wat my betref was daar nie baie persone nie.

HOF : Twintig persone? -- Dit is ŉ rowwe skatting wat ek gee, ja.

MNR. JACOBS : Die tema van hierdie vergadering, wat het die sprekers gesê, het hulle verwys na die verkiesing van raadslede en of daar gestem moet word of nie? -- Wat gesê was daar was dat daar nie deelgeneem word aan die verkiesings nie.

Was dit die konsensus van al die sprekers daar? -- Wat ek onthou is dat daar net twee sprekers was by hierdie vergadering.

Was beskuldigde nr. 2 ŉ spreker op hierdie vergadering? -- Hy het ŉ toespraak daar gelewer. Of hy nou daar as ŉ spreker was en of hy net daar gepraat het, kan ek nie sê nie.

Het net een ander nog ŉ toespraak gelewer of is dit afgesien van beskuldigde nr. 2 dat daar nog twee was? -- Daar was toesprake daar gelewer deur verskillende persone. Ek weet nie wie gereël was as ŉ spreker vir hierdie vergadering

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is dat daar sprekers was.

HOF : Nee, maar u sê dat daar net twee sprekers was as u reg onthou. Die enigste vraag is,as u die twee tel, was beskuldigde nr. 2 daar by of nie? - Ek tel hom by by die twee wat ek sê iets te sê gehad het. Wat die sprekers betref wat gereël is, weet ek nie of daar enige vooraf gereelde sprekers was nie.

So, met ander woorde, daar is twee plus beskuldigde nr. 2? -- Nee, ek onthou van twee persone wat gepraat het en beskuldigde nr. 2 is een van die twee.

MNR. JACOBS : Antwoord dan net my vraag. Beide van hierdie sprekers, het hulle konsensus gehad en gesê die mense moet nie stem in die komende verkiesing vir raadslede nie? -- Ja, dit is wat ek onthou in daardie vaagheid wat ek van praat.

Wat het hulle vir die mense gesê hoekom moet hulle nie stem vir die raadslede nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Maar hulle moes tog ŉ rede gegee het. Jy sê mos nie sommer vir iemand hy moenie stem nie? -- Ek kan nie so goed onthou aangaande hierdie vergadering nie. Ek is nie op hoogte met die doen en late van hierdie organisasie wat hierdie vergadering belê het nie. Dus weet ek nie en tweedens, Oupa Hlomoka, beskuldigde nr. 2, was self in hierdie getuiebank gewees. U het hom nie gevra nie. Hy is die lid van AZAPO. Hy sou dit beter geantwoord het.

HOF : Luister nou, dit help nie om buite die vraag af te wyk en te argumenteer met die advokaat of kommentaar te lewer nie. U weet, ons sit baie lank in die hof en dit lyk vir my ons gaan nog baie lank in die hof sit.

MNR. JACOBS : Ek vra nie vir jou na die doen en late van ŉ organisasie nie. Ek vra vir jou wat jy onthou van hierdie

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering? -- Ek onthou wat ek gedoen het en dit wat ek vaag onthou wat ek alreeds aan u genoem het.

Het jy ŉ swak geheue? -- Nee, nie dit nie.

Kyk, as jy nie swak geheue het nie, sou jy mos onthou het. Is dit nie so nie? -- Ek stem nie saam nie. Daar is van die dinge wat ek onthou.

Het jy nie self belang gestel hoekom moet die mense nie stem nie? -- Nie dit nie. Of die mense nou gestem het of nie, wat my betref, het ŉ persoon ŉ vrye keuse of hy nou deelneem aan die verkiesings of nie.

So, jy kan die Hof hoegenaamd nie help nie? -- Omtrent wat?

Omtrent wat die rede was hoekom die mense nie moes stem nie? -- Ek sê die mense, of hulle nou stem en of hulle deelneem aan die verkiesings of nie, dit is die mense se keuse wat hulle moet uitvoer wat dit betref.

Ek wil na iets anders met jou gaan, is dit korrek, kan ek jou getuienis so opsom, sover ek dit nou gesien het, was die enigste organisasie wat ooit in jou kerk vergaderings of dienste gehou en met dienste bedoel ek nou herdenkingsdienste, was AZAPO? -- Ja, daar is net een organisasie van politieke aard wat ŉ versoek kom rig het vir die gebruik van my kerk in Sharpeville.

HOF : Dit was AZAPO? -- Ja.

MNR. JACOBS : Net om hierdie punt ŉ bietjie verder te neem. Die ander twee kerke onder jou beheer in Boipatong en Bophelong, watter organisasies het jou genader of jou kerk genader om daar vergaderings te hou? -- Ek weet nou nie of dit ŉ organisasie is nie, maar wat ek wel van weet is dat mense van Boipatong het kom vra om gebruik te maak van ŉ kerkgebou

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om 'n vergadering daar te hou.

Is dit net een kerk? -- Ja, ek onthou net van die een keer in die jaar 1984. Dit is wat ek van weet. Ek weet nie of hulle miskien op ander geleenthede die "church wardens" gaan vra het vir die gebruik van die kerk nie, maar nie vir my nie. Vir my het hulle net een maal genader.

HOF : Was enige van die beskuldigdes daarby betrokke? -- Ja.

Wie? -- Johnny Mokoena.

Beskuldigde nr.? -- 11.

MNR. JACOBS : Hy het nie vir jou gesê vir watter organisasie hy die kerk nodig het nie? -- Nee, al wat ek weet is dat hy gepraat het van die mense van Boipatong. Die uitvoering daarvan was deur hom gedoen na hy by die "church wardens" was.

MR BIZOS : My Lord, may accused no. 9 be excused and also having interrupted, we have a more definite note now that accused no. 14, Mr Tlhopane is to be excused. He will be absent for some time. He is to undergo an operation.

COURT : Is he going now?

MR BIZOS : At 10h00.

COURT : And he will be away how long? For what period?

MR BIZOS : It does not say.

COURT : More than an hour or so?

MR BIZOS : No, it is for an operation.

COURT : Yes, certainly.

MNR. JACOBS : Die ander kerke - net om hierdie ding af te sluit, as ons na die foto kyk wat hier ingehandig is, soos hier aangedui is op BEWYSSTUK CA14, is almal in die omtrek van jou kerk? -- Nee, dit is nie al die kerke van Sharpeville daar nie.

Watter/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Watter ander kerke is nou nie hier in die onmiddellike omgewing op hierdie foto nie? -- Die Hervormende Kerk is nie daar nie, AME, Lutheran, die Roomse Kerk, die Baptiste Kerk, die Pentecostal Kerk, United Congregational Churches en die Zion Kerke.

Is dit almal? -- Wat ek onthou, ja.

Al hierdie kerke wat jy nou genoem het, het hulle kerkgeboue of sale of sê dan in 1984, het almal van hulle sale gehad? -- Ja, behalwe die Zion Kerke.

HOF : Die ander kerke, het hulle groot sale of kerke sodat ŉ mens openbare vergaderings in hulle kan hou? -- Die verskil in grootte, van hulle kan duisend mense vat, ander vyfhonderd en daar is ook wat tweehonderd mense kan vat.

MNR. JACOBS : Al hierdie kerke wat jy nou genoem het, is in Sharpeville self, nie in Boipatong of daardie plekke nie? -- Ja, ek praat van Sharpeville se kerke.

Is ek reg, in jou getuienis het jy gesê sover jy weet - jy weet nie of daar enige openbare vergaderings in enige van daardie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die getuie het die vraag al beantwoord. As u elke keer ŉ ding herhaal, gaan die saak twee keer so lank duur.

MNR. JACOBS : Ek wil net vir jou gevra het, hierdie kerke wat op die foto verskyn, is naby jou huis en as daar openbare vergaderings daar gehou was, sou jy dit ook gesien het? -- Nie noodwendig nie.

Ons het nou getuienis gehad van jou dat daar op ŉ stadium aan jou kerk gewerk was? -- ja.

Wanneer is die werk afgehandel?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou herstelwerk?

MNR. JACOBS : Herstelwerk.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Die kerk is uitgeverf?

MNR. JACOBS : Uitgeverf? -- Dit was die eerste Saterdag in die maand van September 1984, dit wil sê die eerste dag van Septembermaand 1984.

HOF : Was die werk toe klaar? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wat se werk was gedoen in jou kerk? Laat ons net duidelikheid daaroor kry? -- Daar is 'n plafon opgesit vir die hele kerkgebou, die deure was vervang met nuwe deure. Daar is diefwerings opgesit aan die vensters waar dit nodig was om diefwering te hê. Om die ou verf af te skraap sodat daar nuwe verf gebruik kan word en die "varnishing" te doen waar dit nodig was.

Was die verfwerk gedoen nadat al hierdie ander herstelwerk gedoen is, die "ceiling" en daardie tipe goeters? -- Ja. dit is reg.

So, die laaste wat gedoen was, was die verfwerk? -- Ja.

Jy sien, hoekom ek jou vra is want in jou getuienis-in-hoof het jy vir die Hof gesê dat die rede hoekom jy nie plakkate in jou kerk toegelaat het op die 12de se vergadering nie, 12 Augustus 1984, daar was vir jou gevra "Did you have placards?" en toe was jou antwoord gewees "No, we do not put placards up in the church because in fact the interior of that church building was just completed in painting. It had no paint before. It was just painted. So, therefore we would not put placards on." Nou wil ek net vir jou 'n verduideliking vra, hoekom jy nou sê dit was in September voltooi en hier in jou getuienis-in-hoof het jy gesê dit was voltooi voor 12 Augustus 1984? -- Wat gebeur het, is die plafon is opgesit en dit is geverf. Na dit is die mure afgeskraap en geverf. Eintlik het ons drie lae verfwerk gedoen in hernuwing van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die verf. Dit was vier persone wat die verfwerk gedoen het.

Ek wil net vir jou stel dat die rede hoekom jy vir die Hof gesê het dat daar nie plakkate in jou kerk kon wees nie, is dan nie heeltemal korrek nie? -- Ek praat die waarheid, daar was geen.

Ek wil met jou gaan na die vergadering van 12 Augustus 1984. Op hierdie vergadering - wat was die tema van jou vergadering op 12 Augustus 1984 gewees? -- Dit was om te gaan bepaal wat se stappe geneem kan word, dit wil sê wettige stappe aangaande die verhoging van die huur.

Het jy òf Nozipo òf Hlubi enigsins propaganda teen die raadslede of raadstelsel uitgespreek op die vergadering? -- Nee.

Het jy of Hlubi of Nozipo die raadslede blameer vir enigiets? -- Nee.

Het enigiemand uit die gehoor of enige ander spreker op die vergadering enige propaganda teen die raadslede of raadstelsel uitgespreek? -- Nee.

Het enigiemand die raadslede blameer vir enigiets? -- Dit kan wees.

Maar het dit gebeur of nie? Kan jy dit onthou of kan jy dit nie onthou nie? -- Ja, ek onthou dat daar iets gesê was om die raadslede te kritiseer oor wat hulle gedoen het.

Wie het dit gesê? -- Iemand van die gehoor het dit gesê.

Wie is die persoon? -- Ek onthou nie wie die persoon is nie.

Wat het hy gesê? Wat se kritiek het hy uitgespreek teen die raadslede? -- Die persoon se kritiek oor die raadslede was dat met die tyd van hulle verkiesing, dit is die raadslede se verkiesing het hulle belowe dat daar geen huurverhoging

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal plaasvind nie.

Is dit al kritiek wat jy onthou wat teen die raadslede uitgespreek is dat hulle beloftes gemaak het wat hulle nie nagekom het nie? -- Ja, dit is wat ek verstaan het.

Dit is die enigste geval? -- Wat ek onthou, ja.

Jy sal saamstem as dit al is wat jy onthou, dan kan jy nie veel onthou wat op die vergadering gebeur het nie? -- Daar is baie dinge wat ek onthou.

Maar van wat daar gesê is? -- Daar is baie, ja.

Stem jy saam jy kan nie veel onthou oor wat teenoor die raadslede gesê is, of hulle gekritiseer of blameer is nie, behalwe vir daardie een geval? -- Nee, ek stem nie saam met u nie. Kyk, hierdie vergadering was nie belê met die oog daarop om kritiek te lewer oor die raadslede nie. Dit was nie daarvoor bedoel nie. Die doel van die vergadering was om te gaan besluit watter stap geneem kan word volgens die wet aangaande die verhoging van die huur.

My vraag aan jou is nie nou wat was die doel van die vergadering nie. My vraag aan jou is wat was gesê op daardie vergadering? Wat jou geheue is, wat was gesê? -- Ja, ek hoor dit, ek verstaan die vraag en ek het aan u gesê wat gesê was by hierdie vergadering, maar u wil iets nou bybring wat eintlik nie hier betrokke is nie.

Het jy op hierdie vergadering aan die gehoor vertel hoe dat die verhoogde huur die mense gaan affekteer? -- Ja.

Goed, vertel vir ons, hoe het jy vir die mense gesê gaan die verhoogde huur hulle affekteer? -- Dat dit die mense van die mense gaan affekteer in die sin dat die meerderheid van die inwoners daar werkloos was, hulle het net nie werk nie. Ook om te weet wat se stap geneem kan word om te

verhoed/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verhoed dat die huur volgens wet nie verhoog word nie.

HOF : Wag nou net. U moet u by die vrae bepaal. Die vraag is, wat het u die mense vertel hoe die verhoogde huur die mense sal affekteer? -- Dit is heeltemal reg, ek moet dit noem hoe dit die mense gaan affekteer en terselfdertyd vir die mense inlig wat gedoen kan word om dit te verhoed, want anders is dit wat ek aan die mense verduidelik onvolledig.

U word net oor 'n gedeelte van die toespraak gevra. Antwoord net die vraag oor daardie gedeelte. Wat het u gesê hoe die verhoogde huur die mense sal affekteer? -- Dit sou hulle geaffekteer het in die sin dat die meeste van die mense wat my genader het, sou nie in staat gewees het om die kinders te kan versorg nie en op die manier ook dat as kerk, ons het veertig mense vir wie ons sorg, om by te bly by hierdie, sal ons mense vra om meer bydraes te maak om ons in staat te stel om voort te gaan met die hulp wat ons aan die mense verleen het.

MNR. JACOBS : Is dit al wat jy gesê het hoe die verhoogde huur die mense gaan affekteer, die twee punte? Dat hulle nie vir die kinders kan sorg nie en dat hulle die kerkbydraes nie meer kan maak nie?

MR BIZOS : He mentioned another one slightly earlier.

HOF : Dat die meerderheid inwoners werkloos was.

MNR. JACOBS : Is dit die effek van die verhoogde huur dat die mense werkloos was? -- Ja, dit is een van die dinge wat ek genoem het.

Maar my vraag aan jou is anders, nie of jy dit genoem het nie. Ek sê is die effek van die verhoogde huur dat mense werkloos geraak het?

HOF : Dit was nie op daardie manier verduidelik nie. Die

mense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense was werkloos en dus het die verhoogde huur hulle geaffekteer. Dit is soos ek die antwoord begryp.

MNR. JACOBS : Dan die derde een, ek voeg hom dan by, is dit wat jy oorgedra het aan die mense, die enigste drie wat jy oorgedra het aan die mense as die effek van die verhoogde huur? -- Ja, dit is wat ek onthou.

Hoe het jy vir die mense gesê wie is te blameer vir hierdie swaar kry wat nou voorlê en vir die verhoogde huur?

HOF : Wat was u laaste woorde? En vir die verhoging?

MNR. JACOBS : Ja en vir die verhoging.

HOF : Ek glo nie dat die tolk dit gehoor het nie, want u het dit half in die mou gesê. -- Die ekonomie van die land was in daardie tyd in ȟ moeilike situasie in die sin dit het dus veroorsaak dat die meeste van die mense werkloos was. Die mense, dit wil sê die gehoor was daarvan bewus dat hulle by die werksplekke afgesit was omdat die ekonomie in ȟ swak toestand is.

Is dit u antwoord? -- Ja.

Dit is nie ȟ antwoord nie. Kan u nog die vraag onthou? -- Ja, het hy nie gesê in sy vraag wie moet blameer word nie?

Nee, die vraag was, wie het u op die vergadering gesê is te blameer? -- Daar was vir my niemand gewees om genoem te word om te blameer nie. Dus het en niemand se naam genoem nie.

MNR. JACOBS : Het jy enigsins na die raadslede verwys in jou toespraak? -- Nee, dit is ȟ vergadering oor die huur, nie oor die raad nie.

So, jy het glad nie na die raadslede verwys in jou toespraak nie? -- Nee.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U het ȟ stelling gemaak wat ȟ

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander getuie vantevore gemaak het. U sê die meeste mense was werkloos? -- Daarby bedoel ek in hierdie tydperk was daar baie mense gewees wat afgesit was by die werksplekke in vergelyking met die ander jare. Dit is hoekom ek dit so stel.

Vergelykenderwys was daar baie meer mense wat werkloos was? -- Ja, dit is so. Dit wissel van jaar tot jaar. So, in hierdie jaar wat ek bedoel het, was baie meer mense as die vorige tydperke werkloos gewees.

Maar die stelling dat die meeste mense van die woongebied werkloos was, is dit letterlik waar of is dit nie waar nie? -- In vergelyking met my gemeente wwat ek vasgestel het van my gemeente, sal ek sê dit is korrek.

HOF : So, die helfte van u mense wat normaalweg sou gewerk het, het nie gewerk nie? -- Ja, ek sal so sê.

MNR. JACOBS : Het Peter Hlubi in sy toespraak op daardie vergadering aan die gehoor, aan die mense in die gehoor vertel hoe dat die verhoogde huur die mense gaan affekteer? -- Ja.

Wat het hy gesê hoe gaan die verhoogde huur die mense affekteer? -- Dit het hy genoem ter ondersteuning van wat ek alreeds gesê het en verder die volgende bygevoeg, dat dit gebeur dat mense wat omtrent so vyf dae in 'n week gewerk het, se werksdae verminder is na drie dae toe en daar is nie meer mense wat oortyd werk nie.

Dit het hy nie gesê is na aanleiding van die verhoogde huur nie. Is dit reg? Dit is nou dat hierdie dinge gebeur het? -- Nee, nie op daardie manier nie.

Kan jy vir ons sê, ek vra nou weer vir jou die vraag, wat het hy gesê hoe gaan die verhoogde huur die mense affekteer? -- Hy het gesê dit gaan hulle affekteer want

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die mense se inkomste is verminder.

Dit gaan hulle affekteer, want die mense se inkomste is verminder? -- Ja, dit gaan hulle affekteer. Kyk, die huur is verhoog en die mense se inkomste is verminder.

Is dit al wat hy genoem het wat die effek gaan wees van die huurverhoging? -- Ek het gesê hy het toe verder my ondersteun met dit wat ek alreeds gesê het.

HOF : Bedoel u dat hy u argumente herhaal het of bedoel u dat hy gesê het "Ek ondersteun ds. Moselane"? -- Hy het gesê hy ondersteun wat ek al gesê het.

MNR. JACOBS : Het Hlubi enigiets op hierdie vergadering gesê wat die mense daaromtrent moet doen as hulle so geaffekteer word deur die verhoogde huur? -- Ek onthou nie.

Het hy gesê wie te blameer is vir hierdie verhoogde huur wat dan vir die mense swaarkry bring? -- Hy het niemand blameer nie.

Het hy enigsins verwys na die raadslede in sy toespraak? -- Ek onthou nie.

Beteken dit nou dat hy het nie so gesê nie of jy kan nie onthou of hy dit gesê het nie? -- Daarby bedoel ek met betrekking tot die huur, dit is moontlik dat hy iets te sê gehad het oor die raadslede, maar ek kan nie met sekerheid sê nie.

Nozipo, het sy dit aan die gehoor in haar toespraak oorgedra dat die verhoogde huur probleme gaan veroorsaak? -- Ja, dat die verhoging in huur verdere probleme gaan bybring by die huidige probleme wat alreeds bestaan.

Is dit wat sy gesê het dat dit gaan verdere probleme bybring by die probleme wat reeds bestaan? -- Ja.

Het sy gesê vir wie gaan dit die probleme bring by die

huidige/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

huidige probleme wat reeds bestaan? -- Die werklose mense.

Sal dit net vir hulle probleme bring? -- Nie net vir hulle nie, maar wat sy gesê het was die probleme het die werklose persone geraak. Dit is volgens ek haar verstaan het.

Watter probleme het sy gesê is die reeds bestaande probleme wat daar is? -- Bestaande probleme?

Ja? -- Wat die huur betref het sy gesê die mense is alreeds nie in staat om die bestaande huur te betaal nie.

Enige verdere probleme? Bestaande probleme? -- Die ander bestaande probleme wat sy van gepraat het, was aangaande die mense wat by haar aangedoen het by haar werksplek. Dit is die bestaande probleme wat sy na verwys het wat sy van bewus geword het.

Ek verstaan nou nie. Die mense wat aangedoen het by haar werksplek? -- Sy is werksaam by 'n vakbond daar, by die "union" en die mense het haar genader daar omtrent die werkstoestande waar hulle nou van die werk afgesit is.

Wat is die nuwe probleme wat sy genoem het wat by kom by hierdie bestaande probleme deur die huurverhogings? -- Dit is dat die mense nie in staat sal wees om te kan betaal nie, want hulle het nie werk nie. Hulle is alreeds nie in staat om die huur te betaal sonder die verhoging nie. Wat van as dit verhoog word.

Het sy enigiemand blameer as die oorsaak vir hierdie probleme wat nou vererger word? -- Nee.

Het sy enigsins verwys na die raadslede as die oorsaak van hierdie verdere probleme? -- Ja, omdat hulle beloftes gemaak het dat hulle nie die huur sal verhoog nie en hulle het toe die huur verhoog.

Is dit al kritiek teen die raadslede wat sy uitgespreek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het? -- Ek sien dit nie as ŉ kritiek nie. Dit is wat gebeur het wat sy van kennis gedra het.

HOF : Is dit al wat sy gesê het teen die raadslede? -- Nie teen die raadslede nie, maar sy het dit net genoem as wat plaasgevind het.

MNR. JACOBS : U Edele, ek sien beskuldigde nr. 9 het teruggekom.

HOF : Dankie.

MNR. JACOBS : Het sy gesê in haar toespraak dat daar iets gedoen moet word omtrent die raadslede omdat hulle nie hulle verkiesingsbeloftes nagekom het nie? -- Nee.

Behalwe daardie een persoon wat kritiek uitgespreek het uit die gehoor uit, uit sprekers uit die gehoor

uit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uit, het enige ander spreker op daardie vergadering die raadslede blameer vir die verhoogde huur? -- Nee.

Ek probeer vasstel, kort-kort het jy, as ek vir jou vra, gesê hierdie het gegaan oor die verhoogde huur en nie oor die raadslede nie. Hoekom is daar dan op hierdie vergadering ŉ besluit geneem dat die raadslede moet bedank? -- Ja, hulle het mos gesê dit was as gevolg van die beloftes wat hulle nie aan voldoen het nie. Dit wil sê dat hulle gesê het die huur sal nie verhoog word nie.

Is dit die enigste rede hoekom raadslede toe moes bedank? -- Ja, hulle sê mos vir die mense, as jy vir my gaan stem dat ek verkies word in die raad, sal die huurgeld nie verhoog word nie en die teenoorgestelde het toe nou gebeur, dat die huur verhoog is. So, hulle het nie aan die beloftes voldoen nie.

Was dit die enigste rede wat aangevoer was op daardie vergadering waarom die raadslede moes bedank? --

Wie het daardie voorstel gemaak dat die raadslede moet bedank omdat hulle nie hulle beloftes nagekom het nie? -- Die persoon wat gepraat het van die gehoor.

Wie is hy? -- Ek weet nie wat die persoon se naam is nie.

Is daar notule gehou van hierdie vergadering? -- Ja, daardie dag.

Word daar dan ŉ aantekening gemaak van wie ŉ voorstel maak waaroor ŉ resolusie aangeneem is? -- Ek weet nie. Ek is nie die persoon wat die notule gehou het nie. Hlubi is die persoon wat die notule gehou het. Dus weet ek nie.

Hy het dit tog gehou op jou voorstel? -- Ja, ek het voorgestel dat hy die notule hou en hy het toe die notule

gehou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehou.

En ek neem aan jy het toe later die notule gekry en gelees? -- Nee. Kyk, ek wil nog ies sê hier. U is die persoon wat weet dat Hlubi in hegtenis geneem was en u is die persoon wat weet dat Hlubi hier moes getuig het en u is die persoon wat Hlubi vrygestel het.

HOF : Waarvan weet u alles? -- Ons was ingelig deur die Staat dat Hlubi een van die Staatsgetuies gaan word.

U bedoel wat u gister hier in die hof gehoor het of eergister? -- Nee, ek het daarvan bewus geword terwyl ons nog in Pretoria was, nadat ons vir die eerste keer aangekla was.

Wie het u al hierdie dinge gevra? Wie het u gevra oor die toespraak wat u hier afgesteek het? --Nee, niemand het my daaroor gevra nie. Dit is ter aanvulling van my antwoord op die vraag.

Ek dink u moet net mooi verstaan dat u daar in die getuiebank is om u saak te stel, nie om u saak te beredeneer nie. U moet antwoorde gee op vrae onder kruisverhoor. U het 'n advokaat wat aan die einde van die saak die saak heeltemal breedvoerig sal beredeneer en van alle kante af toelig. U moet u antwoorde beperk tot die vrae. -- Ek verstaan dit, maar ek was baie onder 'n verkeerde indruk gewees dat ek geregtig is om 'n aanvullende verklaring te maak op my antwoord.

U is geregtig om 'n antwoord te gee wat volledig is, maar dit moet 'n antwoord op die vraag wees en dit moet nie 'n argument wees met die Staatsadvokaat nie.

MNR. JACOBS : Die persoon wat die voorstel gemaak het dat raadslede moet bedank, is sy naam gegee in die vergadering? -- Ek onthou nie dat die persoon gesê het wie hy is nie.

Het jy nie vir hom gesê "Hier is nou 'n voorstel, 'n

positiewe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

positiewe voorstel vir ŉ resolusie dat die raadslede moet bedank" nie en uitgevind van hom "Wat is jou naam" vir die notule nie? -- Nee, ek het nie die persoon gevra wat sy naam is nie.

HOF : Word voorstelle gesekondeer? -- Ja, partykeer. Partykeer sê ŉ mens dit is die voorstel wat gemaak word, wat sê die gehoor. Dan sê die gehoor sommer as geheel "Ons stem saam."

Het dit hier gebeur? -- Ja, dit is wat hier gebeur het.

MNR. JACOBS : Op hierdie vergadering, ek wil vir jou ŉ paar algemene vrae vra. Was daar op hierdie vergadering enigsins ŉ beswaar teen die raadslede geopper dat hulle outokraties opgetree het en nie die inwoners voor die verhogings geraadpleeg het nie? -- Ja, aangaande die huur.

Sal jy saamstem dit is kritiek teen die raadslede? -- Na aanleiding van die belofte wat hulle gemaak het, ja.

Ek het nie nou enigiets hier gelees van ŉ belofte nie. Hoekom haal jy die belofte op? -- Omdat hulle die belofte gemaak het dat hulle nie die huur sal verhoog nie.

Jy stem saam hierdie is heeltemal ŉ ander kritieke punt as die belofte. Is dit reg? -- Ja, maar ek verduidelik mos die rede hoekom die kritiek daar was. Die mense het ŉ rede aangevoer.

My vraag aan jou nou is, hoekom het jy netnou toe ek vir jou gevra het van kritiek vir die Hof hiervan vertel dat hierdie kritiek geopper was nie? -- Ek praat mos van wat ek onthou wat by hierdie vergadering plaasgevind het.

Moet ek dan jou antwoord so verstaan dat jy sê jy het dit nie onthou nie? -- In antwoord het ek gesê die kritiek teen die raadslede was dat hulle die huur verhoog het na

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle die belofte gemaak het dat hulle nie die huur sal verhoog nie.

HOF : Nou was daar gestel aan u was daar ook op die vergadering ʼn beswaar teen die raadslede dat hulle outokraties opgetree het en nie die inwoners voor die vergadering geraadpleeg het oor die huurverhoging nie. Toe is u antwoord ja en toe sê die geleerde advokaat wel, is dit kritiek teen raadslede en toe sê u ja. Nou vra hy vir u waarom het u dit nie vantevore gesê nie, want hy het u vantevore gevra is dit al kritiek, die kritiek ten aansien van die verkiesingsbelofte? -- Ek het geantwoord. Ek sal u sê die vraag van die advokaat volg mekaar, in die sin gee ek ʼn antwoord en dan gee ek ʼn rede vir die antwoord om ʼn volledige antwoord te kan gee. Met dit het ek probeer verduidelik dat die mense gesê het ons is nie tevrede met die raadslede as gevolg van dit wat hulle gedoen het nie en die rede daarvoor wat dit veroorsaak is hierdie rede. Dit is hoekom ek so ʼn antwoord gegee het.

MNR. JACOBS : So, u gaan nie nou vir ons sê hoekom het jy nie vir ons, toe ek uitdruklik vroeër vir jou gevra het wat was die kritiek daar gewees en of dit al kritiek was wat uitgespreek is, dit is die verkiesingsbelofte het jy genoem, jy het nie hierdie een genoem nie, jy gaan nie vir ons sê hoekom het jy nie ook hierdie een genoem nie? -- Wat die belofte betref praat ons van dat hulle die belofte gemaak het aan die mense, dat die huur nie verhoog gaan word nie. Dit is wat ons van praat as ons nou praat van die belofte.

Dit is reg. -- Ek kan nou nie sien hoe kan u my blameer en sê dat ek nie ten volle geantwoord het op die vraag

toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toe ek melding daarvan gemaak het dat die mense gekla het oor die belofte wat gemaak is dat hulle hierdie beroep gemaak het nie.

Is dit jou antwoord op my vraag? Is dit al? -- Ja, dit is die antwoord.

Ek los dit dan daar. Wie het hierdie beskuldiging gemaak of kritiek geopper teenoor die raadslede dat hulle so outokraties optree? Was dit jy gewees? -- Nee, dit is nie ek nie.

Was dit Hlubi gewees? -- Nee.

Was dit Nozipo gewees? -- Nee.

Nou wie was dit? -- Dit was die persoon wat gepraat het van die gehoor.

Is dit dieselfde persoon wat gesê het die raadslede kom nie hulle beloftes na nie? -- Ja.

HOF : En wat die voorstel gemaak het ten aansien van hulle bedanking? -- Ja.

MNR. JACOBS : Ek neem aan toe hierdie man hierdie tipe dinge kom sê op die vergadering wat jy belê het, was jy geskok gewees, want jy het mos net daar ŉ vergadering belê om te praat oor die huur? -- Wat se skok? Ek verstaan nie.

Jy as predikant wil mos nie met sulke goed betrokke raak nie? Dit het jy nou oor en oor hier vir die Hof gesê? Hier waar mense nou opgesweep word teen die raadslede dat hulle moet bedank. Dit moes jou vreeslik geskok het? -- As ŉ persoon ŉ voorstel maak in ŉ vergadering word dit verstaan of beskou as iets skokkend omdat die persoon nou beskou word as ŉ persoon wat besig is om mense op te sweep? Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan nie.

Goed, jy het seker darem vir hierdie persoon gesê "Nee, stop nou hierdie dinge. Ons is nie daarmee besig nie.

Ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ons is besig om oplossings te vind vir mense wat probleme het met die huurverhogings"? -- Ek aanvaar dat die mense geregtig is om voorstelle te maak van wat die mense goed dink en dit doen hulle as gevolg van wat die Here hulle gegee het en tweedens, hoe weet ek of hierdie persoon deel gehad het in die verkiesing van hierdie raadslede wat hy van praat. Ek het nie die mense daar bymekaar geroep om vir hulle te kom sê wat om te doen, dat ek nou pertinent vir hulle moet sê wat hulle moet doen nie. Ons het daar bymekaar gekom om besprekings uit te voer en mense se sienings te oorweeg. Dit is die demokrasie wat ons daar gehad het.

Ek wil dit aan jou stel, hierdie demokrasie werk net soos dit jou pas en ek sal vir jou die rede gee hoekom. Toe Botha op van jou vergaderings wat jy gereël het kom en gepraat het, toe was hy gestop. Is dit nie? Of 'n persoon met die naam van Botha? -- Ja, hy was gestop gewees. Die rede daarvoor is dat hy was nie nugter gewees nie. Ek ken hom. Sy manier van praat was nie eintlik met respek gewees nie en nog 'n ding is, dit wat hy daar gesê het, was nie daar bespreek word nie en die manier waarop hy dit gesê het was nie die manier waarop die vergadering belê is nie.

Sal jy saamstem Botha het sy demokratiese reg volgens jou definisie 'n rukkie gelede uitgeoefen? -- Ja, maar 'n mens gebruik nie sy regte van demokrasie met minagting nie.

Jy gee vir my 'n snaakse antwoord. Jy sê dit was - hy was besig met wat nie daar bespreek was by daardie vergadering toe jy hom gestop het nie? -- Ja.

Sal jy dan nie ook saamstem met my dat hierdie persoon wat hierdie voorstelle en hierdie aantygings gemaak het was ook nie besig met wat bespreek is op hierdie vergadering

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en om te vra vir die bedanking van raadslede nie? -- Nee, ek stem nie saam met u daar nie.

O, ek is bly dat jy nie met my saamstem nie. Dan wil ek aanvaar dat op hierdie vergadering en die Hof moet aanvaar dat op hierdie vergadering was julle besig met bespreking van redes te vind om te vra dat die raadslede moet bedank? -- Ons weet wat die doel van die vergadering was en die vergadering was belê met daardie doel. Melding was daar gemaak dat na aanleiding van die raadslede se optrede dat hulle nie voldoen het aan die beloftes wat hulle gemaak het nie, is hierdie voorstel dus gemaak.

Dit was ook die doel van die vergadering dat julle moet planne beraam om te kry dat die raadslede moet bedank? -- Daar was geen planne beraam nie. Dus stem ek nie saam met u stelling nie. Ek het aan u gesê wat dit is wat daar bespreek is.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, op hierdie vergaderig van 12 Augustus 1984, was daar enige bewering gemaak op hierdie vergadering dat raadslede blote "puppets" van die Regering is en geen mag het nie? -- Nee, ek onthou nie dat dit so gestel was daar nie.

Jy self, beskou jy die raadslede as"puppets" van die Regering sonder dat hulle enige mag het? -- Ek gebruik nie daardie soort woorde nie.

Ek het nie gevra of jy die woord gebruik nie. Ek het gevra beskou jy hulle as "puppets" van die Regering wat geen mag het nie? -- Ja, ek sien hulle so, as gevolg van

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat hulle doen, ja.

En dat daar ontslae geraak moet word dan van hulle omdat hulle "puppets" van die Regering is? -- Ontslae raak van hulle? Wat?

Van die raadslede omdat hulle "puppets" van die Regering is? -- Nee, ek verstaan nie die vraag nie. Hoe ontslae te raak van hulle?

Dat hulle moet bedank? Daar moet nie ŉ Swart plaaslike bestuur wees nie? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

As jy hulle as "puppets" beskou, hoe bejeën jy hulle dan? Moet hulle maar daar bly as "puppets" van die Regering? -- Nee, maar ek weet nie wat moet ek sê nie, maar wat ek vir u kan sê is, ek het geen deelname gehad in die verkiesings nie. Of hulle nou daar is of nie, dit raak my nie.

HOF : Is u ten gunste van die voortbestaan van die Swart plaaslike bestuursisteem? -- Nie spesifiek met die Swart plaaslike bestuur nie, maar ek stem saam met die feit dat daar behoort ŉ raad te wees om in die woonbuurt se probleme in te sien.

MNR. JACOBS : Stem jy ook saam dat dit moet wees soos die Regering dit nou ingestel het? -- Behalwe dat dit nou ŉ Swartbestuurraad sal wees, nee, daarmee stem ek nie saam nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor u standpunt. U standpunt is, as ek dit reg opsom, dat dit nie uit Swartmense moet bestaan nie, ook nie uit Witmense moet bestaan nie, maar ŉ gemengde raad moet wees. Is dit u standpunt? -- Nee, nie dit nie. Al wat ek sê is, daar behoort ŉ raad te wees om in die woonbuurt te dien.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Praat u van ŉ raad wat by wet ingestel is? -- Die raad behoort die Swartmense te wees -

verskoon/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verskoon my, die Raad behoort ŉ Raad te wees van mense.

HOF : ŉ Raad is altyd ŉ Raad van mense.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is duidelik, maar bedoel u dat daar moet ŉ Raad wees, ŉ Raad wat by wet ingestel is of praat u van heeltemal ŉ ander soort Raad? -- Ja, maar die Raad behoort altyd volgens die Wet te bestaan.

HOF : Maar ek begryp u nog nie. Ek het verstaan van u vorige antwoord dat u beswaar het nie teen die feit dat daar ŉ Raad is nie, maar teen die feit dat die Raad Swart is? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie.

Nou wat sê u dan? -- Wat ek sê is dat ek stem saam met die bestaan van die Munisipale Raad wat dan sal moet insien in die benodigdhede van die woonbuurt. Wat ek nie mee saamstem nie is dat daar is nou ŉ Wet gemaak wat voorsiening maak dat daar ŉ Raad uit die BLA moet bestaan, dit wil sê die verkiesing van mense om onder die BLA te dien. Dit is wat ek nie aanvaar nie, omrede ek glo dat hulle nie die magte het nie. Hulle het nie finansies nie. Hulle het ook nie die outoriteit om besluite te neem nie. Hulle dien onder ŉ sekere Minister. Kortliks, die BLA se Raad is nie dieselfde as die Raad van byvoorbeeld die Stadsraad van Vereeniging of die Stadsraad van Johannesburg nie.

MNR. JACOBS : Is ek korrek om te sê dat jy aanvaar dit nie omdat dit deel van die wetgewing is van apartheid? -- Ja.

En omdat daar nie algemene stemreg is nie, daarom aanvaar jy dit nie? En om duidelik te maak, met algemene stemreg bedoel ek vir alle mense in die land, Swart, Wit en Gekleurd? -- Ja, in die hele land.

En omdat hierdie mense wat op die Raad dien volgens jou siening deel van apartheid is, daarom word dit verwerp as

"puppets"/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"puppets" van apartheid en die Regering? -- Ja, dit is so. Hulle het mos nie die magte om meer as dit te doen nie. Hulle moet net doen wat hulle gesê is om te gaan doen. As ŉ persoon nou net kan doen wat hy gesê is om te gaan doen, is dit ŉ persoon wat dan as ŉ "puppet" dien en dit is lank wat dit so gesê word. Dit het nie net in die jaar 1984 begin nie. Lank voor dit was dit bekend gewees.

As ek jou reg verstaan as jy nou praat van lank voor dit, praat jy van voor die verkiesing van November 1983 af was dit al so? -- Ja, ek bedoel selfs met die raadslede en die Gemeenskapsraad en die tyd van die Adviesraad. Dit was maar so gebruik. Volgens die siening van die mense is dit net dieselfde. Daar is geen verskil nie.

HOF : Ons vergeet nou van die ander mense, ons praat nou van u. Ons is nou klaar met u antwoord ook.

MNR. JACOBS : Op die vergadering van 12 Augustus, was daarso enige kritiek uitgebring teen die raadslede dat hulle "sell-outs" is? -- Nee.

Beskou jy self die raadslede as "sell-outs"? -- Dit is my siening, alhoewel ek nie die woorde so gebruik nie.

Wat verstaan jy onder ŉ "sell-out"? -- Dit beskryf ŉ persoon wat nie die meerderheid van die mense tevrede stel nie en ŉ persoon wat kan beskou word as ŉ persoon wat nie vir die waarheid staan nie.

HOF : ŉ Leuenaar dan? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is dit ook ŉ persoon wat dan saam met die Regering werk teen die Swartmense wat as ŉ "sell-out" beskou word? -- Dit kan so wees, ja.

Beskou jy dit so? --Ek het mos nou net vir u gesê wat my siening is daaromtrent.

Beskou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Beskou u dit ook so? -- Ja, as daar iets is wat mense nie tevrede stel nie, ja. Maar u moet nie net in hierdie ding as ʼn feit alleen kyk nie. U moet in die hele ding kyk in breë trekke en dan besluit.

Kom ek vra jou weer, beskou jy ʼn persoon, ʼn Swartpersoon wat saam met die Regering en apartheid werk as ʼn "sell-out" van die Swartmense? -- Ek het hier vir die Hof gesê enigiets wat deur enigeen gedoen word wat gedoen word omdat daar ʼn rasseverskil gemaak word tussen die persone, is sonde. Dit is my siening daarvan as geheel. Nie dat u vir my nou moet sê dat ʼn Swartpersoon of ʼn persoon wat werk teenoor die Swartpersone in samewerking van die apartheid en die Regering as "sell-out" beskou kan word nie.

HOF : Wat is dan u antwoord? Wat is u standpunt, is so ʼn persoon ʼn "sell-out" of is hy nie ʼn "sell-out" nie? -- So ʼn persoon is ʼn "sell-out" volgens my, behalwe dat ek nie saam met die stelling hier gaan dat dit nou gebruik moet word dat dit ʼn persoon moet wees wat saam met die Witmense of die Regering werk teenoor die Swartgemeenskap nie. Dit is nie my siening nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die kwalifikasie is glad nie vir my duidelik nie. U sê dit is nou ʼn Swartpersoon wat saam met die Regering werk wat met ander woorde aan die apartheid-struktuur deelneem. Die vraag was is hy ʼn "sell-out" of is hy nie ʼn "sell-out" nie, hoe beskou u hom. U het toe gesê ja, hy is ʼn "sell-out", maar dan sit u ʼn kwalifikasie by en daardie kwalifikasie verstaan ek glad nie. -- Ja, ek sal dit so verduidelik. Volgens die Staatsadvokaat se vraag sien ek ʼn persoon wat saam met die Regering werk met die uitvoering van apartheid as ʼn "sell-out", indien so ʼn persoon teen die

Swartmense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Swartmense so optree. My antwoord is, dit is nie my siening op daardie manier nie. Ek erken wel dat daar wel ŉ persoon is wat beskryf kan word as ŉ "sell-out", maar dit kan gedoen word in breë trekke, dat dit nie beperk word tussen die Swart- en die Witmense en die Regering nie. Ek gebruik dit in breë trekke.

HOF : ŉ Mens kan ŉ breë begrip "sell-out" hê en dan kan jy die breë begrip toepas op ŉ konkrete situasie en dit is presies wat ons nou vra. U idee van "sell-out" het u gedefinieer en nou is die vraag of u die situasie waar ŉ Swartpersoon deel is van ŉ Regeringstruktuur en van die apartheidstruktuur en daarmee saam werk, so ŉ persoon ŉ "sell-out" is? -- Die verstaan van die woord "sell-out" kan op baie maniere gebruik word. Daar is sekere plekke waar ŉ mens ŉ woord gebruik om hom te pas by daardie feite wat hy het. Dus daardie woord word op daardie manier gebruik en beperk op dit wat hy in gedagte het. So, dit hang af wat die persoon in sy gedagte het met die gebruik van daardie woord, hoe hy dit verstaan op daardie oomblik.

Ek gaan aanteken dat u die vraag nie wil beantwoord nie. Ek gee u ŉ laaste geleentheid. -- Herhaal die vraag, asseblief?

Die vraag is of ŉ Swartpersoon wat deel is van ŉ Regeringstruktuur of saam werk met die Regering en apartheid in u oë ŉ "sell-out" is, ja of nee? -- Ja, mag ek dit dan verduidelik?

Ja, u is seker geregtig om dit te verduidelik. -- Ek sê ja, indien wat daardie persoon doen nie vrede bring aan al die mense van die land nie.

Bring ŉ Swartraadslid en ŉ Swart plaaslike bestuur

vrede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vrede aan alle mense van die land? -- Nee.

En 'n polisieman? -- Die polisieman dien mos onder die Staat.

Nee, maar ek wil weet .. -- Ek ken 'n polisieman as 'n vredesbeampte. Dit is hoe ek dit verstaan.

Is die antwoord dan ja of nee? -- Ja, want jy kan nie 'n polisieman met 'n raadslid vergelyk nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Praat u van 'n Swartpolisieman wat byvoorbeeld in Sharpeville diens doen? -- Ek praat van 'n polisieman, dit maak nie saak waar hy dienste verrig nie, of dit in Sharpeville of in die dorp is nie, hy bly 'n polisieman.

MNR. JACOBS : As ek dit dan meer direk tuis kan bring, die raadslede van Lekoa was deur jou as "sell-outs" beskou omdat hulle deel was van die Swart plaaslike besture en deelgeneem het aan apartheid en apartheid gedien het? -- Ja.

Daarom was hulle nie vir jou en die mense in jou gemeente aanvaarbaar nie? -- Hulle is nie aanvaarbaar nie, want hulle sit voort die beleid van die apartheid. As dit nie die geval was nie, dan was daar niks gewees wat veroorsaak dat hulle nie aanvaar word nie. Eintlik as ek so praat, praat ek nie direk of persoonlik oor die raadslede nie. Ek praat van die beleid in die struktuur wat die Regering gebring het dat die raadslede gekies moet word om in hierdie Raad te dien. Dit sê ek, want ek het raadslede wat deel is van my gemeente te Sharpeville, Bophelong en Boipatong wat aan my bekend is, ek lewe saam met die mense en hulle is aan my bekend. Ek haat hulle nie. Hulle kom na die kerkdienste toe. Ek jaag hulle nie weg nie.

En solank as wat hulle raadslede is en bly, sal hulle

onaanvaarbaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onaanvaarbaar bly vir jou en die mense in jou gemeente? -- Dit is nie die waarheid nie. In Sharpeville het ek 'n raadslis Jokozela, in Boipatong het en Charlie Nzunga, hulle het ook die kerkdienste bygewoon, in Bophelong het ek Mphulenyana. Hy het ook die kerk bygewoon. Charlie was die kerkraadslid te Boipatong. Nzunga se bus was in die meeste gevalle gebruik deur die Mothers Union indien daar 'n konferensie gehou word. Dit is nou mense wat aanvaar is deur die gemeente wat die kerkdienste bygewoon het.

Maar solank hulle raadslede was, was hulle "sell-outs" en nie aanvaarbaar nie? -- Nee, as hulle nie aanvaarbaar was by my gemeente nie, sou hulle nie eers die kerk bygewoon het nie. Hulle sou ook nie na my huis toe gekom het nie.

HOF : Maar nou, kan ek net duidelikheid kry. U het nou vergaderings belê op die 12de, die 19de, die 26ste en die 2de om hierdie kwessie van die huur te debatteer. Het u na enige van daardie vergaderings hierdie here wat lede is van u kerk en wat u goed ken uitgenooi om te kom verduidelik en te kom help om die probleem op te los? -- Ek sal praat met betrekking tot Sharpeville. Jokozela is die lid wat daar is en Jokozela het nie dikwels die kerkdienste bygewoon nie. Dit was baie moeilik gewees om Jokozela in die hande te kry. Wat gebeur het, is na hulle op die Raad gekies was, het ek hulle genader en vir hulle gesê "Kyk, mense, julle moet aan die gemeente kom verduidelik wat die standpunt van julle is by die Raad, want hulle het vir my by die huis kom sê dat hulle gaan staan vir die verkiesings as kandidate.

Is u nog besig om my vraag te beantwoord? Wat is die vraag? -- Die vraag was of ek hulle ooit genooi het.

Om wat te doen? -- Om aan die gemeente te kom verduidelik.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

By watter geleentheid? -- In die tyd van die verhoging van die huur.

By enige van die vergaderings wat ons netnou genoem het? -- Ja, ek het gesê nee, ek het nie die kans gehad om hulle daar teenwoordig te hê nie. Toe het ek verduidelik.

So, het u probeer om Jokozela te nader? -- Nee, nie in daardie tyd nie, want op 'n stadium het hy verhuis en na Sebokeng toe gegaan waar hy gaan woon het en sy bywoning van die kerk was maar swak gewees.

MNR. JACOBS : Kom ons gaan terug na die vergadering van 12 Augustus 1984 en was daar op daardie spesifieke vergadering gesê dat raadslede nie in ag geneem het dat huurverhogings werkloses gaan affekteer nie? -- Ja, dit was gesê gewees.

Wie het gesê dat raadslede dit nie in ag geneem het dat die huurverhogings die werkloses gaan affekteer nie? -- Herhaal die tweede vraag?

Ek het gesê wie het gesê op daardie vergadering dat raadslede nie in ag geneem het dat die huurverhogings werkloses gaan affekteer nie? -- Wat ek sê wat daar gesê was was dat die verhoging van huur gaan die werklose mense affekteer.

Ek vra jou nie oor die effek van die verhoging van huur nie. Ek het vir jou spesifiek gevra en jy het dit bevestig dat daar op daardie vergadering gesê is dat raadslede nie in ag geneem het en ek het die woord beklemtoon "raadslede" nie in ag geneem het dat huurverhogings werkloses gaan affekteer nie? -- Ek sal u sê ek het 'n versoek gerig dat u die vraag herhaal, want ek het dit nie so goed verstaan nie. Ek betrek nie die woord "raadslede" nie. Wat ek wel sê

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dat wat gesê is daar is dat die verhoogde huur gaan die werklose mense affekteer.

As enigiemand sê dat op daardie vergadering gesê was dat raadslede het nie in ag geneem dat die huur die mense gaan affekteer nie, is dit verkeerd? As iemand so iets sê? -- Ek sal sê ja, dit is 'n fout. Wat ek wel sê is dat wat gesê is daar is dat die raadslede het beloftes gemaak dat die huur nie verhoog gaan word nie.

Ek los dit daar. Jy sê dit is 'n fout. Ek sal terugkom hiernatoe op 'n later stadium. Die volgende wat ek vir jou wil vra is, was daar op daardie vergadering van 12 Augustus 1984 gesê en die raadslede beskuldig dat hulle nie na pensionarisse omgesien het nie? -- Wat gesê was was dat die verhoging van huur wat deur die raadslede belowe was dat dit nie gaan plaasvind nie, sal die bejaardes affekteer.

Antwoord nou net my vraag, dan kan ons baie gouer deurkom. Was daar op daardie vergadering gesê en die raadslede beskuldig dat hulle nie na die pensionarisse omgesien het nie? -- Daar was nie 'n beskuldiging wat gemaak was daar nie. Al wat daar bespreek was was die verhoogde huur. Indien daar melding gemaak word van die raadslede, is dit 'n kwessie van hoe die verhoging hulle raak. Dit is die raadslede raak. Nie dat hulle beskuldig was nie.

Was daar op hierdie vergadering van 12 Augustus 1984 beskuldigings aan die raadslede toegedig dat hulle verantwoordelik is vir die hoë elektrisiteitsrekenings? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

En verder dat daar gesê is dat die raadslede is verder beskuldig dat hulle nie die meters laat lees wanneer rekeninge oorweeg word nie? -- Nee.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En as enigiemand so sê dan is dit heeltemal verkeerd, enigiemand anders? -- Ja, dit is verkeerd.

Op daardie vergadering van 12 Augustus 1984 was die raadslede deur enigiemand beskuldig dat hulle die huur verhoog het sodat hulle, die raadslede, verhoogde toelaes kan ontvang? -- Ja, dit kan wees dat dit so gesê was.

Nee, ek vra vir jou, is dit gesê? -- Ek sê dit kan ek nie onthou nie, maar dit kan wees.

Is dit nie so nie dat dit is ŉ ernstige kritiek teen ŉ raadslid wat hier uitgespreek word. Is dit nie? -- Nee, dit is nie.

Dat hulle die huur verhoog het om vir hulle eie sak te sorg? Is dit nie so nie? -- Nee, dit is nie sterk nie.

Is dit nie ernstig nie? -- Ernstig oor wat? Nee.

Dit raak hulle eerlikheid. Hulle gebruik die huur om hulle eie sakke vol te maak? -- Nee, dit is nie so nie, maar is u stelling nie korrek dat u gesê het dit was gesê dat hulle die huur verhoog het omdat hulle ŉ beter toelaag moet kry nie?

Ja? -- Ja, dit is reg. Kyk, as u sê dit is met die doel dat hulle meer toelae moet kry, is dit ŉ toelaag wat wettig is. Dit is nie ŉ persoon wat steel nie. Dat ŉ mens sommer self vat en in sy sak steek nie.

Maar hulle het die huur gebruik daarvoor. Kan jy onthou dat dit op daardie vergadering gesê was, want dit is mos iets besonders? -- Ek sê ek kan nie onthou nie, want daar was kennisgewings gewees wat uitgegee is. Dit kan wees dat daardie inhoud so vertolk is.

Wat se kennisgewings praat jy nou van wat uitgegee was? -- Moontlik BEWYSSTUK AAT19. Ek is nie seker van die

bewysstuknommer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bewysstuknommer nie.

HOF : U bedoel die kennisgewing wat die plaaslike bestuur uitgestuur het om die verhoogde huur te verduidelik? -- ja.

MNR. JACOBS : Maar ek verwys nie daarna nie. Ek verwys na hierdie vergadering, of jy kan onthou of daar op hierdie vergadering iets daaromtrent gesê was? -- Ek sê ek kan nie onthou nie, want daardie kennisgewings is uitgestuur voor hierdie vergadering wat op die 2de gehou is. Met ander woorde, dit beteken dat die mense dit gelees het alvorens hulle na die vergadering toe gekom het. Met die gevolg is, dit kan wees dat dit so gesê was by hierdie vergadering.

Kan jy onthou dat op hierdie vergadering van 12 Augustus 1984 daar ŉ beskuldiging gemaak was teen die raadslede dat hulle drankwinkels verkoop was en dat hulle die fondse nie in die gemeenskapskas laat toekom het nie en dat hulle wou weet waar die fondse heen is?

HOF : Wie se drankwinkels is verkoop?

MNR. JACOBS : Dit is seker die raad s'n? -- Wat die mense daar gevra het wat hulle van bewus was, was dat daar drankwinkels is wat verkoop is en wat is gedoen met die geld wat verkry is as gevolg van die verkoop van die besighede.

Wie het dit opgehaal? Weet u? -- Ek kan nie onthou wie almal gepraat het nie, maar dit is een van die dinge wat opgeduik het na aanleiding van die vraag by hierdie vergadering.

K768 Het jy die vraag geantwoord? -- Dit was nie in die vorm van ŉ vraag gestel nie. Dit was deur iemand van die gehoor as ŉ verklaring gemaak dat die besighede verkoop is en niemand weet wat van die geld geword het wat ontvang is as gevolg van hierdie verkoping nie.

Jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Jy sien, ek wil jou verwys na BEWYSSTUK DA10.

HOF : Die berig in die Rand Daily Mail van 16 Augustus 1984.

MNR. JACOBS : Daar in die tweede kolom die tweede paragraaf "The residents called on the council to resign saying that the rent increase would affect the many unemployed who were struggling to pay their rents." -- Ja, ek sien dit.

En dan die volgende paragraaf "Those at the meeting accused the councillors of not catering for pensioners for they were paying the same rent as others - as the others." -- Ja, ek sien dit.

"They also said that the residents were almost put out of pocket by the high monthly electricity bills and made an accusation that the metres were not read when accounts were considered." -- Ja, ek sien dit.

"The councillors were also accused of increasing the rents in order to be paid higher allowances." -- Ja, ek sien dit ook.

"Those at the meeting also wanted to know what happened to the funds the council collected after selling a few bottle-stores." -- Ja, ek sien dit, maar u het gepraat van die drankwinkels as geheel wat verkoop is, nie ŉ paar nie.

Sal jy met my saamstem dat in hierdie stuk wat hier gelees is word daar heelwat aantygings gemaak teen die raadslede wat die raadslede direk raak? -- Ek het verduidelik soos ek alreeds verduidelik het. Nie op die manier waarop u dit nou stel nie.

HOF : Nee, maar sê u dat die berig verkeerd is? Die berig is gerig, as ŉ mens die kern van hom lees, vertolk hy die vergadering as synde een van deurgaans besware gerig teen die raadslede? -- Ek sal sê dit is reg, die verslag is reg.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek sê "It is substantially correct."

Wat u bedoel met "substantially correct", sluit dit in dat die kern was klagtes of aantygings teen die raadslede?

MR BIZOS : Must the whole of the report not be read, because the first part of the report deals with another aspect of the meeting and I think it should be made in fairness that there may have been more than one aspect, but not that the whole meeting was about that, because the first part makes it clear that there were other things.

HOF : Laat ek dit anders stel. Is dit korrek, soos gestel in die vierde, vyfde, sesde, sewende en agtste paragrawe van hierdie berig dat op die vergadering daar klagtes en besware was gemik teen die Raad en raadslede? -- Kan u dan die vraag herhaal, asseblief?

Ek het die vraag gevra na aanleiding van die kwalifikasie wat u gestel het by die volgende vraag. Die vraag was dat die berig vertolk die vergadering as teen die raadslede, dat dit deurgaans ŉ beswaar was teen die raadslede. Toe was u antwoord dat die berig is wesenlik korrek en nou wil ek weet of in die woord wesenlik wat u as "substantial" genoem het ŉ verdere kwalifikasie geleë is wat betref die aantygings teen raadslede? -- As ek sê dit is wesenlik korrek, "substantially correct", praat ek van die hele berig soos dit hier in die koerant staan. As ŉ mens die hele verslag lees, wat daar beskryf word in die paragrawe soos genoem deur u, het betrekking op die mense ingeslote die huurverhoging. Dit loop saam. Dit is nie ŉ kwessie van dat die vergadering teen die raadslede was of die Raad nie. Dit was ŉ bekendmaking van die mense se gevoelens waaroor hulle kla as die huur verhoog word.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Kom ons vat dit, dat ons net duidelikheid kry. Die paragraaf, die een wat die Hof nou genoem het, die vyfde een "Those at the meeting accused the councillors of not catering for pensioners", is daardie paragraaf korrek? -- Wat is die vraag? Wat is korrek? Praat u van daardie paragraaf?

Die hele paragraaf, lees hom maar en dan sê jy vir die Hof is dit korrek of is dit verkeerd? -- Dit is korrek.

Toe jy in jou getuienis ontken het dat daar sulke sprake van was, was jy verkeerd gewees toe ek jou gevra het netnou? -- Nee, nee, nee, dit is nie dat ek dit ontken het nie. Ek het die manier ontken waarop dit gestel is "from those at the meeting". Dit is wat aan my gestel is. Dit was nie die hele paragraaf as geheel soos dit daar staan wat aan my gestel is nie.

Sê jy nou dat op die vergadering van 12 Augustus 1984 was daarso beskuldigings teenoor die raadslede gemaak hieroor? -- Daar was nie beskuldigings oor die raadslede nie.

Net dat ek verstaan, wat beteken "Those at the meeting accused councillors"? Wat beteken "accused"? -- Dit beteken dat die mense teenwoordig by hierdie vergadering sê dat die pensionarisse betaal dieselfde bedrag geld as huur by die huise wat hulle bewoon soos die ander inwoners.

Nou vra ek weer vir jou, ek gaan dit net een keer nog vra. Wat beteken dit "Those at the meeting accused the councillors"? Is dit ꞌn beskuldiging of is dit nie ꞌn beskuldiging nie? -- As ꞌn mens die hele paragraaf lees dan is dit nie ꞌn beskuldiging nie. Ek moet dit sien as geheel, dit wil sê die paragraaf as geheel.

So, volgens jou siening dan ignoreer jy heeltemal die

woord/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woord "accused"? -- Nee, dit is nie ŉ kwessie van dat ŉ mens dit nou vergeet of weglaat nie. ŉ Mens moet na die hele ding kyk en dit sien in die trant wat dit geskryf is wat die inhoud daarvan is in hierdie paragraaf.

Die volgende paragraaf, paragraaf 6, is daardie paragraaf korrek of is hy verkeerd? -- Ja, dit is korrek.

En daar word weer gepraat van dat daar is ŉ "accusation". Is dit reg? -- Maar wat sê die hele paragraaf?

Is daardie woord "accusation" daar? -- Ja, ek sien die woord "accusation" daar. Dit word daar bevat.

En "accusation" is ŉ beskuldiging, is dit reg? -- Dit is nie hoe ek dit verstaan nie.

Goed, ons vat die volgende paragraaf "The councillors were also accused". Lees daardie paragraaf. Dit is paragraaf 7. -- Nee, gee my kans oor die vorige paragraaf van "accusation", wat ek daaromtrent verstaan.

HOF : Praat u nou van paragraaf 6? -- Paragraaf 6.

Ja? -- Wat ek in daardie paragraaf verstaan is dat die "accusation" in hierdie sin gebruik is, as gevolg van die hoë rekeninge van die elektrisiteit en die meters wat nie korrek gelees word nie, beteken dit dat dit onder die aandag van die mense gebring moet word dat die mense nie tevrede is met dit wat gedoen word nie.

MNR. JACOBS : Staan dit iewers daar dat dit moet onder die aandag van enigiemand gebring word? -- Nee, dit staan nie daar geskryf nie. Wat ek sê is dat dit by hierdie vergadering bespreek word en iemand sê die rede hoekom hierdie rekeninge so hoog is, is omdat die meters nie ordentlik gelees word nie. Dit is wat hier bevat word in hierdie paragraaf.

Ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ons gaan na die volgende een toe, dit is paragraaf 7. Lees hom, asseblief? -- Ja, ek sien dit.

Is dit korrek? -- Soos ek alreeds vroeër in my antwoord gesê het, wat daar bevat word, het betrekking op my antwoord wat ek vroeër gegee het dat mense het eers die kennisgewings van die verhoging van huur ontvang, dit gelees en toe eers die vergadering bygewoon. Dit was in daardie sin dat die persoon wat daarop geantwoord het wat hier genoem word in hierdie paragraaf dit geantwoord het.

My vraag was, is die inhoud van daardie paragraaf korrek? Ek het nie vir jou vir ŉ uitleg gevra nie? -- Omtrent wat ek sê aangaande die kennisgewing wat ek van praat, dit is eintlik as ŉ mens dit nou met die kennisgewing lees wat ek nou van praat, ja.

HOF : As jy dit net so lees as ŉ leser van die koerant, is dit korrek of is dit nie korrek nie? -- As ek praat van "substantial", dan behels dit alles wat hier bevat word. Met ander woorde, dit sê ek omdat ek en u, naamlik die Staatsadvokaat weet waarvan ons praat en daar is so ŉ kennisgewing, net so ek, wat weet. So, ŉ mens wat nie daar is nie, sal nie weet nie.

As daardie paragraaf so gelees word, net soos dit daar staan, is dit korrek of is dit nie korrek nie met betrekking tot daardie vergadering? Dit is al wat gevra word en as u die vraag nie wil antwoord nie, dan sê u net u wil hom nie antwoord nie en dan teken ek aan u wil hom nie antwoord nie, dan gaan ons aan, dit is maklik, dan is ons gou klaar. Moenie ons tyd mors nie. -- Dit is nie korrek nie.

MNR. JACOBS : Die volgende paragraaf, paragraaf 8, lees dit deur en sê vir ons, is dit korrek of nie korrek nie?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, dit is korrek.

Sal u saam met my stem, ons het nou die vergadering as ꞌn geheel behandel, dat wat op die vergadering gebeur het is jy het ꞌn aankondiging gemaak volgens ek jou getuienis verstaan dat julle beoog ꞌn petisie maar julle moet regsadvies gaan kry? -- Ja.

En beoog ꞌn hofinterdik en moet ook regsadvies gaan kry? -- Ja.

En as ek jou getuienis reg verstaan was daar geen bespreking toe daaroor gevoer nie, want dit is wat jy aangekondig het op die vergadering? -- Nee, dit was nie net ꞌn aankondiging wat ek gemaak het en toe was dit die einde van die hele ding nie. Wat ek gesê het is na die aankondiging dat ek is nie op hoogte van die prosedure wat gevolg moet word met betrekking tot dit waarvan ek melding gemaak het in my aankondiging nie. So, dit was nie vir my om vir hierdie gehoor dan te sê dat dit die einde van die hele aankondiging is nie.

Kom ons maak dit net duidelik vir jou. Kom ons neem dit so. -- Dit staan daar geskryf.

Laat ek dit vir jou so stel dat op hierdie vergadering het jy gesê dat mense het gekla oor die huurverhogings en dat hulle probleme het en dat die kerk hulle moet help. Dit het jy gesê. Is dit reg?-- Ja, dit is wat ek gesê het in my getuienis-in-hoof.

En toe het jy gesê kyk, ons het ꞌn plan met hierdie ding wat ons wil maak, ons gaan kyk of ons ꞌn interdik kan kry teen die verhoogde huur en die tweede plan is ons moet ꞌn petisie kry teen die verhoogde huur dat dit nie in werking gestel word nie? Is dit korrek? -- Ja, tot dusver tot op daardie tydstip is dit wat ek gestel het aan die gehoor

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar in die aankondiging, maar dit het toe verder afgehang na ek nou die raad van die prokureur gekry het waar dit breedvoerig aan my verduidelik is deur die regsman wat dit beteken as ŉ mens praat van ŉ "court interdict" en wat die petisie sal behels, sal ek terugkom na die vergadering nie.

En nadat jy daardie tweede stelling wat ek aan jou gemaak het, gemaak het, het jy vir die mense gesê kyk, ek het nie regskennis van ŉ "interdict" nie, ek het nie regskennis van die petisie nie, daarom gaan ek eers ŉ prokureur sien en dan sal ons sien wat verder gedoen kan word? -- Ja.

En op daardie vergadering van die 12de was dit al wat daar bespreek was oor "interdict" en dit was al wat daar bespreek was oor die petisie? -- Nee.

Nou wat is daar meer van gesê op hierdie vergadering, want jy het nie vir ons vertel nie? -- Dit is dié wat ons nou net bespreek het in hierdie koerantverslag, wat ek nou net hier verduidelik het aan die Hof.

Ek verstaan nou nie. Na wat se verduideliking verwys jy nou? -- Wat ek aan u verduidelik het wat ek verstaan in hierdie verslag wat bevat word in BEWYSSTUK DA10.

Miskien verstaan ons mekaar nou nie reg nie. Ek het jou geneem eers, ek het nie gesê daar is niks verder op die vergadering gepraat nie, maar ek het jou geneem op net wat gesê was op die petisie en die "interdict". -- O, nee, nou verstaan ek.

Is dit reg so? -- Ja, dat ek gepraat het oor die petisie en die "court interdict", dit is so, maar ek het misverstaan dat u bedoel het dat dit net die enigste ding is wat daar bespreek is.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U stem dus saam met my stelling sover. Nou wil ek verder gaan en aan jou stel die res van daardie vergadering. Die res van daardie vergadering en dit is nou volgens daardie selfde verslag wat jy daar voor jou hou en wat jy vir die Hof nou net gesê het wat gebeur het, het gegaan oor aanvalle op die raadslede op hulle integriteit, op hulle mens wees en op hulle eerlikheid? -- Nee, ek stem nie saam met u dat ons oor die raadslede gepraat het soos nou deur u beskryf word nie. Ek sê ons het gepraat van die huur, hoe die huur ons affekteer.

In daardie berig wat jy nou daar deurgelees het, is daar gedurig beskuldigings gemaak teen die raadslede omtrent die huur, omtrent pensionarisse wat hulle nie in ag geneem het nie, omtrent huur gekoppel aan werkloses wat hulle nie in ag geneem het nie? Suggestie is gemaak omtrent elektrisiteit wat verhoog is en beskuldigings daaromtrent gemaak oor die lesings en 'n suggestie is gemaak oor drankwinkels wat verkoop is en die geld wat weggeraak het? Dit is waaroor die hele res van hierdie vergadering gegaan het? -- Ek stem nie saam met u nie.

So, daardie berig is dan heeltemal verkeerd? -- Nee, laat ek eers klaar antwoord. Kom laat ons by paragraaf 8 begin. Paragraaf 8 lees soos volg dat die persone teenwoordig by die vergadering het 'n vraagteken gemaak oor wat het geword van die geld wat ontvang is as gevolg van die verkoop van die paar drankwinkels. U praat van die drankwinkels en nie die paar nie. Dit is nie die korrekte bewoording wat hier bevat word nie. Die aanhaling is nie korrek nie. Wat paragraaf 7 betref, volgens u, hier praat hulle van die toelae en u praat van die salaris. Wat my betref is daar 'n

verskil/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verskil tussen die twee. Ek handel nou met paragraaf 6. Dit is die volgende een wat ek mee gaan handel. In daardie paragraaf word die raadslede nie beskuldig nie, maar wat daar gesê word is dat dit is omdat die lesings nie goed gelees word nie, dat die elektrisiteitsrekeninge so hoog is. Ek het alreeds paragraaf 5 verduidelik. Ek weet nie, ek glo nie dit is nodig om dit weer te herhaal nie. Ek en u het ooreengestem aangaande wat bevat word in paragraaf 9. In antwoord op u vraag dan waar u sê alles wat daar gedoen was, was teen die raadslede gemik, stem ek nie saam met u nie. Die motivering vir my antwoord is bevat in paragraaf 9.

Miskien kan jy net vir die Hof 'n antwoord gee en sê hoekom is die antwoord in paragraaf 9, ek kan dit nie aflei daaruit nie, miskien kan jy vir my sê? -- Die motivering wat ek van praat in die antwoord is dat paragraaf 9 se bewoording is dat daar 'n petisie gemaak sal word waarin 'n beroep gemaak sal word dat die raadslede moet bedank. Benewens dit sal hierdie petisie nog die volgende bevat, wat bespreek is, naamlik die feite wat bevat word in die paragrawe soos bespreek deur ons en die versoek dat die huur nie verhoog moet word nie, sal ook in hierdie petisie bevat word.

Ek wil u net daarop wys dat in paragraaf 9 staan daar niks van raadslede wat moet bedank nie, tensy ek verkeerd gelees het? -- Ja, dit praat van die petisie.

Nee, ek praat net van paragraaf 9. Daar staan niks van raadslede wat moet bedank in paragraaf 9 nie? -- Dit is wat die petisie sou bevat het. In paragraaf 4, as ek reg is, is daar 'n resolusie daar van die vergadering. In die tweede kolom van hierdie verslag waar die paragraaf

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met die volgende woorde begin "The residents called on the council." Dit is die paragraaf wat ek na verwys as ek praat van 'n resolusie.

Dan wil ek net gou met jou terugkom na die ander aspek toe. In paragraaf 8, wie se drankwinkels is verkoop of voordat ons weer 'n stryery kry wie se paar, "few" drankwinkels is verkoop? -- Administrasieraad s'n.

HOF : Hoeveel drankwinkels was daar in totaal in Sharpeville? -- Ek weet van drie.

Is dit nou drankwinkels of biersale ook? -- Drankwinkels saam met die biersale.

Kan ek net duidelikheid kry oor die prentjie. Gaan by elke biersaal 'n drankwinkel? -- Ja, dit is hoe ek weet in Sharpeville.

Wat verkoop is is die biersaal met die drankwinkel saam? -- Ja, die hele plek. Dit is hoe ek verstaan.

MNR. JACOBS : Wie het die bottelstore verkoop en die biersale" soos in die berig staan? -- Wat ek weet is dat vroeër was hierdie onder die beheer van die Administrasieraad. So, ek neem aan dit is die Administrasieraad.

HOF : Het niemand op die vergadering vir die mense gesê wat julle sê is nie reg nie, die Stadsraad het nie hierdie drankwinkels gehad nie en hulle kon dit dus nie verkoop het nie? -- Nie op daardie manier nie. Eintlik was die gevoel was dat die inkomste van die biersale was gebruik gewees om te help dat daar nie kort-kort 'n verhoging van huur is nie. Die vraag het gegaan oor indien dit verkoop is, die persentasie, wat ook al dit is, wat deur die Stadsraad ontvang is, wat maak hulle daarmee. Dit is waarop die resolusie gebaseer was, dat dit nie 'n bekende feit was nie

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en dit is ŉ ding wat net daar in die vergadering gemeld was.

U meen die Stadsraad het ŉ deel van die koopprys gekry? -- Nee, eintlik is dit wat mense daar wou geweet het, of die Stadsraad enigiets ontvang het vanuit die koopprys van hierdie bottelstore.

Dit staan nie hier nie? -- Ja, maar ek probeer verduidelik aan die Hof hoe dit gekom het dat hierdie paragraaf wat betrekking het daarop op hierdie manier geskryf is.

HOF : Maar dan is die paragraaf verkeerd? -- Nee, dit is reg.

Ek sal vir u sê hoe lees ek hom. Ek lees hom dat die drankwinkels verkoop is en dat die Raad geld daaruit gekry het, uit die verkoop gekry het, "collected"? -- Nee, wat die mense daar gesê het was die volgende. Die drankwinkels was die eiendom van die Administrasieraad. Dit is voor die bestaan van die Stadsraad. Nou het die Stadsraad die beheer oorgeneem van die gebiede. Dit wil sê selfs die bottelstore, die drankwinkels sorteer nou direk onder die beheer van die Stadsraad en hierdie drankwinkels is nou verkoop, terwyl hulle nou die eiendom is van die Stadsraad. Dit wil sê dan dat die Stadsraad is die liggaam wat die koopprys van hierdie drankwinkels ontvang het. Wat het daarvan geword? Dit is die vraag.

Op daardie stadium was daar al nuwe eienaars in die drankwinkels? -- Ek is nie so goed op hoogte nie. Ek het nie ŉ goeie kennis daarvan nie.

My indruk is, as ek u getuienis reg onthou, dat daar baie later eers oordrag plaasgevind het van die drankwinkels, miskien ŉ jaar of twee later eers of glad nie? -- Praat u nou van die oordrag aan die nuwe eienaars of die gebruik

daarvan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarvan, dit wil sê dat 'n mens nou daar uit die verkoop 'n wins maak?

Nee, wat ek bedoel is, dat dit vir die publiek sou blyk hier is nou nuwe mense in beheer, wat hulle sal dink is die nuwe eienaars? -- Nee, ek vind dit 'n bietjie moeilik in daardie sin, want byvoorbeeld, as ek na die OK Bazaars toe gaan, kry ek mense daar werk. Ek weet nie wie die eiendomseienaars is nie. Byvoorbeeld nou by hierdie plek, as ek daar kom, en ek kry dieselfde mense wat vantevore daar gewerk het en wat nog daar werk, ek weet nie of die nuwe eienaar die personeel weer in diens geneem het wat vroeër daar in diens was nie.

MNR. JACOBS : Paragraaf 7 wat u na verwys het, ek stel dit aan u u ontwyk op daardie aspek die vraag omdat dit nooit aan jou gestel is van salaris in hierdie hof nie, maar daar was verwys na toelae? -- Ek het verstaan dat u die woord gebruik van die verbetering van die salarisse.

Het jy probleme om die tolk te verstaan? -- Nee, ons verstaan mekaar.

Verstaan jy Afrikaans? -- Nie so goed nie. Daar is wel sekere gedeeltes van Afrikaans wat ek verstaan, maar ek kan nie sê dat ek Afrikaans goed ken nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K769 TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : Mr Tlhopane, accused no. 14 is back. The doctor who was supposed to do what has to be done, is no longer there. So, apparently some other arrangements have got to be made. So, he is back for this purpose. The other is that we promised a complete set of the mail papers for Your Lordship's assessor. We were hoping to hand it in today,

but/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

but the index is not quite complete, but we undertake to have it first thing tomorrow morning.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, sal jy saamstem dat op hierdie vergadering van 12 Augustus 1984 was daar dan 'n hele reeks beskuldigings, kritiek en suggesties teenoor die raadslede uitgespreek? -- Nee. Ek sal sê die mense daar teenwoordig was verbaas gewees, alhoewel die verslag daar in die koerant 'n aanduiding gee dat die mense beskuldigings gemaak het, maar wat my betref was dit nie beskuldigings gewees nie. Dit was uitspreking van verbasing.

En jy as kerkman het niks gedoen om te keer en te sê kyk, die doel van hierdie vergadering is, ons wil kyk hoe kan ons mense help om teen die raadslede aanvalle te loods nie? -- Nee, want ek sê dit was nie beskuldigings gewees nie. Dit was net die manier waarop mense die verbasing uitgespreek het.

En dan verder wil ek dit aan jou stel, jy het niks gedoen op daardie vergadering om die werklike probleem wat jou kerk aanvanklik gestel het om te sien en met die mense te bespreek, die moontlike maniere van hoe kan ons hierdie mense, die pensionarisse en die ander mense help nie? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ek het gedoen wat ek veronderstel was om te doen.

Het julle bespreek of daar 'n manier is wat julle geld kan kry om hierdie mense te help? -- Nee.

Het julle daar op die vergadering die moontlikheid bespreek om die Raad self te nader en te vra dat hierdie mense vrygestel word van die verhoging of van 'n gedeelte van die huur? -- Ja.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het julle dit gedoen? -- Ja, ons het.

Waar is dit bespreek? -- By die vergadering van 16 Augustus.

HOF : Ons praat van die 12de Augustus? -- Nee, dit kon nie daar plaasgevind het nie. Dit moes gewees het in die loop van die week, dit wil sê gedurende die week, nie ŉ naweek nie.

MNR. JACOBS : So, julle kon dit nie op daardie vergadering bespreek nie. Is dit wat jy sê? -- Nee, wat ek sê kon nie daardie dag die Sondag die 12de plaasgevind het om die raadslede hieromtrent te gaan spreek nie.

HOF : Hoekom? O, u bedoel u kon hulle nie gaan sien het op ŉ Sondag nie? -- Ja, want dit was die naweek.

Maar is dit bespreek op die vergadering van die 12de dat hulle gesien moet word? -- Ek kan nie onthou nie.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan jou dit nie bespreek nie? -- Ek sê ek kan nie onthou nie. Dit beteken dat dit moontlik is dat dit wel so gebeur het en dat dit moontlik is dat dit nie gebeur het nie.

Behalwe vir die kwessie van die "interdict" en die kwessie van die petisie, is daar enige metode bespreek van hoe kan julle hierdie mense help wat gekom kla het by jou en wat jy aan die kerkraad oorgedra het? -- Ja.

HOF : Wat is dan bespreek? -- Dit was bespreek gewees in die sin dat daar is plotverdelings op my perseel wat verdeel is vir verskillende mense, dat hulle self daar tuin kan maak. So, wat bespreek is is dit nie moontlik dat ons nog ander mense kan by kry om ook daar tuine vir hulle self te kan maak nie.

Op die vergadering van 12 Augustus? -- Ja. Selfs op

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die perseel van die kerk wou ons dit ook gedoen laat word, maar die enigste probleem daar was dat ons het nie ŉ omheining gehad nie.

MNR. JACOBS : Wie het hierdie voorstelle gemaak? -- Ek en mev. Mofokeng, die twee van ons, het hierdie voorstelle gemaak.

Is dit toe uitgevoer? -- Dit was bespreek gewees dat dit begin sal word. Dit was in Augustusmaand. In Septembermaand het die onluste toe begin en in Oktobermaand het die dinge buite beheer geraak. So, dit was eintlik ŉ lang termyn projek gewees. So, dit het nie ŉ aanvang geneem nie.

Hierdie was op 12 Augustus gewees wat hierdie voorstel gekom het. Is dit reg? 1984? -- Ja.

So, dit kon dan begin gewees het daarmee op die 13de? Daar is mos niks wat dit verhoed het nie?

HOF : Maak u tuin, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek maak tuin, ja.

HOF : As u van die reën afhanklik is, wanneer begin u plant?

MNR. JACOBS : Augustusmaand, volgens my eie benadering, is ŉ plantmaand juis.

HOF : Kom ons vra die vraag? -- Ons moes eers ŉ bestelling van die saad gemaak het.

MNR. JACOBS : Het julle begin om die grond voor te berei? -- Dit moes ons ook gedoen het.

Het julle begin daarmee? -- Nee, dit is voor ons daarmee begin het.

Ek wil dit aan u stel dat op die vergadering van die 12de Augustus 1984 was die doel van daardie vergadering uit en uit gewees om ŉ protesvergadering te hou teen die raadslede? -- Ek stel nie kompleet saam met u nie. Dit is nie

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die waarheid nie.

En ek stel dit aan jou verder dat op die vergadering van julle was die aanvalle geloods, aanvalle in die sin van propaganda en beskuldigings teen die raadslede om hulle in 'n slegte lig te stel teenoor die mense wat op daardie vergadering verskyn het? -- Dit is nie die waarheid nie, ek stem nie saam nie, want die mense daar betrokke in die vergadering was maar bejaarde ouvrouens en 'n mens sou dit nie gedoen het met hulle om hulle te verkry, mense wat Christene is, om so 'n optrede te aanvaar nie. Die kerk gaan apart met "peace" en "reconciliation".

Is dit nou jou getuienis dat op hierdie vergadering was net ouvrouens gewees? -- Nee, wat ek sê, die meeste van die mense by hierdie vergadering was bejaarde mense gewees.

Bejaarde mense of bejaarde ouvrouens? -- Bejaarde mense wat pensioen ontvang.

Toe jy nou-nou gepraat het van bejaarde ouvrouens het jy eintlik 'n fout gemaak? -- Ja, dit was 'n fout wat ek begaan het. Ek het bedoel die bejaarde mense.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie veldtog ek gaan dit noem 'n smeerveldtog teen die raadslede, 'n swartsmeerveldtog om hulle ongewild te maak, was gekoppel aan die eis dat hulle moet bedank? -- Ek stem nie saam nie saam met u nie. Dit wat u nou stel is nie die waarheid nie. Ons het net oor die huur gepraat wat verhoog is, want as dit nie die geval was nie, sou ons nie die besluit geneem het dat ons die huur gaan betaal sonder die verhoging nie.

Terwyl jy dit nou noem, was dit nie dan voldoende gewees om te sê ons neem 'n besluit ons gaan nie die verhoogde huur betaal nie en los die raadslede uit. Hoekom moet hulle dan

gevra/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gevra word om te bedank? -- Ja, maar die mense is mos op die raad gekies deur die mense wat deel gehad het aan die verkiesings en as die mense besluit dat hulle hierdie mense nie meer wil hê nie, dan kan hulle so ŉ beroep maak dat die mense moet bedank. Dieselfde geld vir my as predikant. As die gemeente besluit dat hulle my nie meer wil hê nie, dat ek moet bedank, dit is die vereiste, dan moet ek.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u ŉ idee hoeveel van die mense wat by u kerk op hierdie vergaderings was hier van die 12de Augustus af, hoeveel van daardie mense het gestem in die verkiesings? -- Ek weet nie, maar daar is wel baie lede van my kerk wat deelgeneem het aan die verkiesings. ŉ Mens moenie uit die oog verloor dat die mense wat deelgeneem het aan hierdie verkiesings was ook maar nie veel nie.

HOF : Sou u sê meer as die helfte van die gemeentelede het gaan stem? -- Nee.

MNR. JACOBS : Sal jy saamstem, of laat ek dit liewers so stel. Kan jy vir die Hof sê hoeveel raadslede is daar in Sharpeville? -- Ek weet nie so goed hoeveel hulle in getal is nie, maar daar is wel van hulle wat aan my bekend is.

Is dit gemeld daar op die vergadering wie is die raadslede wat beloftes gemaak het wat hulle nie nagekom het nie? -- Ja.

Wie is hulle wat beloftes gemaak het? -- Mnr. Kolisang, die oorlede mnr. Dhlamini en die een wat in Pelindaba gebied gewoon het. Ek is nie seker hoe spreek ŉ mens sy van uit nie Mokate of Mokati. Dit is die drie wat ek van weet.

Wat se beloftes het hulle gemaak presies? -- Een van die beloftes was dat geen hondebelasting betaalbaar sal wees nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wie het daardie belofte gemaak? -- Kolisang.

Watter belofte is nog gemaak? -- Waarvan ek nog bewus is is dat Mokati se wykskomiteelede het bedank omdat Mokati die huurgeld verhoog het of bygedra het sonder dat hy dit met hulle bespreek het.

Wat is die belofte wat hy gemaak het? -- Ek wil my nie verbind met hierdie van nie. Ek is nie seker van sy van nie. Dit is die raadsman van Pelindaba.

Nou vra ek weer vir jou wat se belofte het hy gemaak? Weet jy? -- Dat hulle huise vir die mense sal bou.

Is dit hierdie Mokati of die man wie se naam jy nie presies weet nie wat gesê het dat julle huise vir die mense sal bou? -- Nee, dit is nou Kolisang van die huise.

Wat se beloftes is nog gemaak? Jy het nou vir ons twee gegee? -- Ek kan nie meer onthou nie. Dit is net hierdie twee wat ek nog kan onthou. Die beloftes waarvan ek nou net melding gemaak het is dit wat ek self gehoor het wat die raadslid Kolisang gemaak het net voor die verkiesings.

So, is ek reg dan dat hierdie drie persone wat beloftes gemaak het wat jy genoem het, het geen belofte gemaak dat huurverhogings sal glad nie plaasvind nie, want anders sou jy dit vir ons genoem het? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

Nou hoekom het jy dan nie gesê nie? Ek het vir jou gevra wat is die beloftes wat hierdie mense gemaak het? Hoekom sê jy dit nie vir die Hof nie? -- Ek praat van die beloftes wat ek van gehoor het. Die beloftes wat ek self gehoor het en dit wat u nou net gemeld het, is een van die beloftes wat goed bekend was in die woonbuurt. Dat dit die belofte was van die raadslede.

So, jy weet nie eers persoonlik nie? -- Ek weet nie,

want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want hulle het daar in die woonbuurte beweeg en melding gemaak van hierdie beloftes, maar op die stadium toe hulle by my verbygekom het, het hulle nie melding hiervan gemaak nie. Dus hierdie een het ek nie gehoor nie.

HOF : Is hierdie beloftes gemaak tydens die verkiesingskampanje uit ŉ bewegende motorkar per luidspreker? -- Ja.

MNR. JACOBS : Een ding is seker wat ons kan aanvaar en dit is dat mnr. Kolisang het nie ŉ belofte gemaak omtrent huurverhogings nie? -- Ek stem nie saam met u nie. Ek aanvaar dat hy hierdie belofte gemaak het in die tyd wat hy die beloftes gemaak het.

So, jy aanvaar dit sommer net? -- Nie net nie, want ek is op hoogte van die feit dat vir die Raad om geld te maak moet hulle die huur verhoog.

En toe het jy nou gedink dit is daarom dat hulle beloftes gemaak het, hulle gaan dit nie doen nie? -- Nee, dit is nie wat ek nou aanvaar het nie. Ek sê dit is wat gebeur het.

Jy sien, hoekom het julle dan nie - julle het nou geweet hier is drie raadslede in Sharpeville - daarso aanvaar en gesê dat Kolisang, Dhlamini en Mokati is die mense wat beloftes gemaak het, hulle moet bedank nie? -- Ek weet van die drie raadslede. Ek sê nie dit was die enigste raadslede in Sharpeville nie. Daar was wel ander raadslede gewees. So, as daar ŉ beroep gemaak word dat hulle moet bedank, dan sou die ander ook bedank het.

Stem jy saam dat hierdie resolusie dat raadslede moet bedank het ingesluit die hele raad van Lekoa vir so groot as wat hy is? -- Is dit nie waar dat hierdie besluite deur die Stadsraad van Lekoa geneem was nie? As dit die geval

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is, is dit die Raad wat besluit het oor alles en u praat nou van die breë trekke van die Stadsraad van Lekoa en dit is net veertig mense. Dit is nie 'n groot getal nie.

Sê jy dan nou die mense was gevra om te bedank nie omdat hulle beloftes gemaak het wat hulle nie nagekom het nie, maar juis omdat hulle die huur opgesit het? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie.

Maar hoekom vra julle dan dat die groot raad, die raad in sy geheel moet bedank? -- Nee, u het my in die rede geval. Ek is nog besig om te praat.

Ekskuus, ek is jammer, ek dog u het klaar gepraat. -- Ek het hier gesê daar was resolusies gewees dat ons gaan die huur betaal en nie die verhoogde huur nie en tweedens, as die raadslede of die Raad self bereid is om die verhoging van die huur te staak, dan die tweede resolusie dat daar 'n beroep gemaak moet word dat hulle moet bedank sal val. Dan sal dit nie nodig wees vir hulle om te bedank nie.

O, verstaan ek dit dan reg, die rede was gewees kyk, as julle voortgaan met die instelling van die huur, dit is die rede waarom hulle moet bedank? -- Nee. Dit was soos gestel. Hier word julle versoek om nie die huur te verhoog nie. Indien julle nie die huur verhoog nie, dan sal ons julle nie vra om te bedank nie en as hulle bedank, dan sou die mense ander mense op die Raad gekies het.

<u>GETUIE SAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG TOT 17 JUNIE 1987.</u>

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.